Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

Buitengewone Staatskoerant
Government Gazette
Extraordinary

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. I.] PRYS 5c. PRETORIA, 31 MEI / 31 MAY 1961. PRICE 5c. [No. 1.

Proklamasie

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. 1, 1961.]

AANVAARDING VAN DIE AMP VAN STAATSPRESIDENT.

Nademaal ek op 10 Mei 1961 ingevolge die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, behoorlik verkose verklaar is as Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika en vandag die voorgeskrewe Ampseed in daardie hoedanigheid afgelê het;

So is dit dat ek hierby verklaar dat ek vandag die genoemde Amp van Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, met al die bevoegdhede, pligte en funksies daaraan verbonde, aanvaar het, waarvan hierby kennis gegee word aan alle Ministers en beamptes van die genoemde Republiek, aan Suid-Afrikaanse burgers en alle ander persone wat dit mag aangaan en van wie dit vereis word dat hulle daarvan behoorlik kennis moet neem.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hierdie Een-en-dertigste dag van Mei Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

H. F. VERWOERD.

Proclamation

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. 1, 1961.]

ASSUMPTION OF OFFICE OF STATE PRESIDENT.

Whereas, on the 10th May, 1961, I was declared to be duly elected as State President of the Republic of South Africa under the provisions of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, and have this day made and subscribed the prescribed Oath of Office in that capacity;

Now, therefore, I do hereby declare that I have this day assumed the said Office of State President of the Republic of South Africa, with all the powers, duties and functions pertaining thereto, of which notice is hereby given to all Ministers and officers of the said Republic, to South African citizens and all other persons whom it may concern and who are required to take due notice thereof.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Thirty-first day of May, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

H. F. VERWOERD.

S. A. MYBURGH,
Staatsdrukker, Pretoria.

S. A. MYBURGH,
Government Printer, Pretoria.

A—1411172